

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Gaan vooruit . . .

Skriflesing: Markus 16:1-8

Broodjies vir die pad

“It is not easy to convey a sense of wonder, let alone resurrection wonder, to another. It’s the very nature of wonder to catch us off guard, to circumvent expectations and assumptions. Wonder can’t be packaged, and it can’t be worked up. It requires some sense of being there and some sense of engagement.”

— Eugene H. Peterson

“For me the most radical demand of Christian faith lies in summoning the courage to say yes to the present riseness of Jesus Christ.”

— Brennan Manning, *Abba's Child: The Cry of the Heart for Intimate Belonging*

“Remember Jesus of Nazareth, staggering on broken feet out of the tomb toward the Resurrection, bearing on his body the proud insignia of the defeat which is victory, the magnificent defeat of the human soul at the hands of God.”

— Frederick Buechner, *The Magnificent Defeat*

“Have we ever considered that God is so enraptured with beginnings that He permits the pain of endings so that we can experience the exhilaration of beginnings?”

— Craig D. Lounsbrough

“What if the empty tomb was simply God saying that the miracle that happened there is just a foretaste of the miracles that can happen within us? And if that’s the case, nothing within us is really dead. Rather, it’s just a bunch of stuff waiting its turn to stand up and breathe again.”

— Craig D. Lounsbrough

“Science studies the repeatable; history studies the unrepeatable.”

— N.T. Wright, *Surprised by Hope: Rethinking Heaven, the Resurrection, and the Mission of the Church*

“Historical argument alone cannot force anyone to believe that Jesus was raised from the dead, but historical argument is remarkably good at clearing away the undergrowth behind which skepticism of various sorts have long been hiding.”

— N.T. Wright, *Surprised by Hope: Rethinking Heaven, the Resurrection, and the Mission of the Church*

“The question of god lay at the heart of second-Temple Jewish life. Each affirmation, each act of worship, contained the question: not Who? (they knew the answer to that), nor yet Why? (again, they knew: because he was the creator, the covenant god), or particularly Where? (land and Temple remained the focus), but How? What? and, above all, When? How, they wanted to know, would YHWH deliver them? What did he want them to be doing in the meantime? And, When would it happen? The resurrection of Jesus of Nazareth provided the early Christians with a new, unexpected and crystal clear answer to these three questions; and, by doing so, it raised the first three in a quite new way.”

— N.T. Wright, *The Resurrection of the Son of God*

'n Tikkie nostalgie

Vanaand swerf my gedagtes weer na die klik-klak van 'n ou tikmasjien 'n mixed tape in die agtergrond en Tipp-Ex om spelfoute te korrigeer

Sias Reinecke sing van die Suidersee en die klanke spoel nostalgies oor my soos beelde in vergeelde polaroids vasgevangde oomblikke van lank geleë

ons praat annerdag van tannie Esmé van die troepie-songs en die oorlog, die jonges luister maar net soos ons onthou van Carike en Laurika en Gé

ek luister na 'n ou bekende liedjie dink aan kruisbeen sit op die mat langspeelplate in hopies opgestapel en sonder rede verlang ek 'n bietjie

na die grys strate van Johannesburg die koue wintersoggende op 'n bus op pad skool toe in ougoud en bruin herinneringe voer my dekades terug

ons sit weer voor die radio vasgevang luister intens na *Patrollie 3 3 Charlie*, *Wolwe dans in die skemer* en ander wat die aande te vinnig laat omgaan

ek hoor die waterorrel by Wemmerpan lag opgewonde in die kar op pad na die inry by Top Star; opgeskote kinders wat met helder oë die sonstrale vang

Susanne Pretorius

“It is true that Christ makes a man anew, that there is some ultimate change in him. But part of that change is the ability to see your life as a whole, to feel the form and unity of it, to become a creature made for and assimilated into existence, rather than a desperate, fragmented man striving against existence or caught forever just outside of it.”

— Christian Wiman, *My Bright Abyss: Meditation of a Modern Believer*

Koppe draai na die son, al is dit skeef en krom

Wilhelm Jordaan

Vir baie mense is 'n gesinslid met 'n verstandelike gestremdheid 'n bron van verleentheid – iets waaroor heimlik getreur word, en wat selfs gesien word as 'n skande of 'n straf en waarvoor mense bejammerend fluister: “Het jy geweet hulle het 'n gestremde kind?”

Nog ander beleef kinders met gestremdhede as die onaanaakbares; wat as't ware buite sig en kontak gehou moet word, soos Betsie van Niekerk dit aangrypend beskryf in haar jeugroman *Die Rooiberg* is hol. Saam daarmee kom daar dikwels blatante en onnadenkende vernedering en diskriminering.

Die teendeel is ook waar – mense wat liefdevol opgaan in die leefwêreld van mense met gestremdhede. Soos Marlene van Niekerk skryf in haar gedig “troetelwoorde vir ogilvie douglas” oor 'n bosbouer wat met sy Downsindroom-kind op die skoot sit: “. . . my droomoogkind / met jou oophangmond / wat kwyl / soos heuningdruppelsdou / elke druppel is 'n sonnetrou . . .”

Om daarmee te sê: Mense met verstandelike gestremdhede is dikwels verruklike mense met unieke ver-moëns en eienskappe wat deur 'n blymoedige lewenshouding hul beperkings aanvaar. Hulle verdien nie om weggesteek, verstoot of vermy te word nie.

Dit word juis so uitgebeeld in die boek *Sonvangers*

(saamgestel deur Rita Gilfillan en Marianne Collen). Die boek vertel van 'n merkwaardige gemeenskap van mense wat op mekaar aangewese is. Hulle leef, werk, speel, sorg vir mekaar en gee om op maniere wat aan die hart ruk en ontroer. Hulle is inderdaad 'n geval van "sonvangers" wat stralend, sonsoekend en liggewend leef. Die bewoording by 'n volbladfoto van 'n plaat sonneblomme in die boek sê dit so: "Hulle draai hul koppe na die son / party sekuur ander skeef en krom / maar son bly son bly son."

Familieledede vertel van moeilike dae en die donker nagte se vrae oor die "waarom" en die "hoe" én hoe begrip, aanvaarding en deernis oor die jare heen groei. So praat 'n ma oor haar seun se gestremdheid: "Die heimwee na die eintlike 'huis' waar alles eendag 'reg' sal wees, oorspoel my. Hoe sal my kind lyk as hy eendag sy nuwe liggaam gekry het, die een wat niks kortkom nie? Mooier as nou? Ek glo nie."

En tussendeur die oorrampelende humorsin. Soos die ma in 'n saamryklub wat 'n klompie gestremde kinders in 'n stasiewa moes karwei. Dit was warm, die verkeer druk in spitstyd en die kinders klouter oral rond. Langs die ma hou 'n man stil. Hy kyk en kyk – eers na die kinders toe na haar. Die ongeloof op sy gesig had net een boodskap: "Magtag, vrou, toe jy sien een is so, kon jy nie toe maar gestop het nie?"

Die deurlopende sentiment oor kinders met verstandelike gestremdhede word so deur die ma van 'n Downsindroom-dogter uitgedruk: "Al is sy verstandelik gestrem, is sy nie 'n fout nie. Haar lewe is kosbaar en sy is kosbaar. Sy lewe met 'n doel."

* *Jordaan is 'n emeritus-professor in sielkunde.*

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/koppe-draai-na-die-son-al-is-dit-skeef-en-krom-20210316>

Brood vir die pad

'n Kartering in woord van verlies en onskuld

Jonathan Amid

'n Hart is so groot soos 'n vuus

P.P. Fourie

"Vir my ma."

So lui die eerste woorde van Pieter Fourie se vollengte fiksie-debuut. 'n *Hart is so groot soos 'n vuus*, 'n grensoorskrydende teks wat doelbewus skeidslyne tussen feit en fiksie uitdaag en beproef. 'n Teks wat aan die hunkering na emosionele wasdom, veiligheid en gemoedsvrede se grein gaan skaaf en skuur. Een wat volgens die erkennings reeds amper drie dekades lank vorm aanneem uit teksfragmente wat (gedeeltelik) reeds in gedrukte vorm verskyn het.

Hier het ons 'n hart wat die skrywer se vuus bal; hom dwing om die pen op te neem. Skryf om emosionele oorlewing en om in die stiltes in te skree: Stil sal ek nooit, ooit weer wees nie!

Op 'n kol duik die bekende opening-sin van Tolstoi se *Anna Karenina* op: "All happy families are alike; each unhappy family is unhappy in its own way." In hierdie sonderlinge roman kyk die volwasse Paul – wat homself heen en weer herverbeel as 'n bloedjong seun, dan nie heeltemal 'n tiener nie, dan as 'n student, en uiteindelik as sy volwasse self – terug na sy uitmergelend traumatiese dog soms ook intens liefdevolle verhouding met sy charismatiese alkoholis-pa.

Soms het sy skrywer-dramaturg-pa, wat op sy eie manier ook diep religieus is en 'n spitsvondige intellek openbaar, Paul en sy ma met deernis en sensitiwiteit behandel, en dan was daar tye van diepe sielsgeluk. Meestal moes ma en seun egter van 'n vreesaanjaende man vlug en hulself op 'n nuwe dorpie probeer vestig (17 maal!). Die vader is iemand wat later ook 'n nuwe huwelik aangaan en 'n broer vir Paul sou verwek.

Die akademikus-skrywer neem met die skryf van hierdie teks 'n soort lewenstaak op. Daar is weinig veilige, betroubare ruimtes wanneer ervaring deur die lens van die geheue op skrif gesit word. Tog is ons geneig om ons eie weergawe van die "waarheid" bo enige ander te wil glo. Ek was tog daar, was ek nie? Oor en oor en oor word geheuenis-as-woorde verwerk en saamgepers tot iets wat as geheel 'n koherente, helder blik op 'n lewe weergee. Begin

en uiteinde wat soos dag en nag verskil. 'n Rivierklip op die water gekaats. Tot waar kan jy die rimpeling sien?

Die skrywer, wat sy skrywe opdra aan sy ma, moet pa staan vir wat hy skryf. Woorde oor mense wat hy ontsaglik intiem ken, maar wat nie saliger is nie. Die *darlings* wat hy moet doodmaak, kan nie bloot tot woorde gereduseer word nie – hy moet 'n soort moord pleeg op vriende en antagonistiese en hulle dan deur woorde terugbring uit die onderwêreld.

Voordat die leser nog 'n enkele bladsy van die "verhaal" self lees, word die teks deur drie aanhalings in 'n soort konteks geplaas. Eerste aan die woord is David Shields, gevolg deur 'n aanhaling uit Julian Barnes se *The Sense of an Ending*. Derdens kom 'n aanhaling uit Rushdie se *Midnight's Children* aan die bod.

Elk van hierdie fragmente – met die Shields wat bedrieglik eenvoudig aandoen en die Barnes en Rushdie reeds die leser dwing om sy eie aannames in oënskou te neem – bied iets van waarde op sigself oor die aard en proses van die geheue. Saam – *omne trium perfectum?* – onderstreep dit hoe Pieter Paul Fourie, as skrywer en verteller in 'n soort outobiografiese teks waar die titel onder die glim van " 'n roman" gelees moet word, geen gewone *memoir* probeer prakseer het nie.

As ons inderdaad toelaat dat Shields se aanmaning "anything processed by memory is fiction" ons in die leestog lei, word die reis verder verhelder deur die vooraf-kennis dat hierdie "geprosesseerde" *memoir*-as-roman, of roman-as-*memoir*, ook 'n skitterende, sober vertaling deur Marius Swart is.

Tesame met die roman se inhoudsopgawe, getiteld "Tesserae", wat die skerwe of deeltjies glas en klip wat uiteindelik saam 'n mosaïek vorm, veronderstel, en die langer afdeling "Toe" en veel korter daaropvolgende afdeling "Nou" se individuele fragmente benoem en oopstel, is die romantitel een van die belangrikste sleutels tot die ontsluiting van gevoel en betekenis.

'n *Hart is so groot soos 'n vuus* as titel beliggaam dus die (soms) teenstrydige impulse van die skrywershart: om lewe te neem, en lewe te gee. Om met wortel en tak uit te roei en om sagkens te versorg. Die geweldslading van die gebalde vuus teenoor die kwesbaarheid van die hart wat geweeg en gemeet word. Die skrywer se eie skaal teenoor die skaal van die leserspubliek. Wie gaan uit die bloute kontak maak en sê dat hulle die eenkant-seuntjie en sy familie onthou?

Wat die leser ten dele self moet konfronteer met die lees van hierdie skreiend eerlike dog gestroopte en onsentimentele blik op 'n subjek se ganse menswees is die oopskryf van trauma, van rou en berou, van vrees, foltering en vernedering. Die kartering van die verlies van onskuld, van geweld – in woord en in daad – wat spat soos bloed in die binnekamers van die hart.

Die keersy is Fourie se asemrowende vermoë – deur Swart se soepel vertaling gerugsteun – om die heil wat Paul in die skoonheid van die kunste, in die musiek van Arvo Pärt, in die bande van vriendskap en intimiteit met liefdevolle mans, en uiteindelik in die opbouende band met sy halfbroer, Ben, vind, in woorde vas te vang.

'n *Hart is so groot soos 'n vuus* ontredder en gryp aan soos min. Daarbenewens bied Fourie se tesserae ruimskootse illustrasie van 'n vakmanskap wat lesers in die metafiksionele roman-as-*memoir*- subgenre werk van skrywers soos Coetzee, Barnes, Ishiguro, Ondaatje, Cusk en Sebald sal herken. Die skrywer se gebruik van herhalende motiewe – wat telkens reflekteer, aanvul en verruim – is egter absoluut sy eie. Verbeeldingsvlugte wat jou noop om uit eerbied eers 'n pouse te neem voordat jy verder lees.

Die proses van herstel en tot verhaal kom, kan dalk opgesom word as die relaas van 'n wyse man: "I remember, therefore I am."

Ná soveel ontbloting en ontboeseming draai Paul sy kop na 'n katedraal van lig.

Jonathan Amid is 'n vryskuttaalpraktisyn en resesent van Stellenbosch.

<https://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/n-kartering-in-woord-van-verlies-en-onskuld-20210328>

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877